## AFDELING D: LETTERKUNDE

Beantwoord NET die vraag oor die stories/drama wat jy behandel het, dit wil sê VRAAG 6 OF VRAAG 7.

VRAAG 6: *FEESMAAL* – EA Swanepoel

VERHAAL A: 'DIE KRISMISBOKKIE' **EN** VERHAAL B: ' 'N TUISNYWERHEID LANGS DIE PAD'

**OF**

VRAAG 7: *PERDEKRAG* – Cecilia du Toit

### VRAAG 6: *FEESMAAL* – EA Swanepoel

Beantwoord die vrae oor AL TWEE verhale.

### VERHAAL A: 'DIE KRISMISBOKKIE' – Audrey Blignaut

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS H**

Só het Rietman 'n paar weke voor Kersfees daardie jaar sy intrek by ons geneem. En met sy koms het daar in Kleinboet se lewe iets wonderliks gebeur: ons begrensde dorpserf langs die rooi hoofstraat het wyd geword soos die Strandveld waar 'n mens elke dag vroeg of laat tussen die riete om 'n vlei op 'n donkerbruin bokkie met ringetjies om sy oë kon afkom.

***

Ek kyk na die top van die kroondenneboom. Sulke mooi breë takke om teen die lug te wieg. Ek kyk na die stam waar die goue dennegom blink afloop. Toe sien ek hom – die donkerbruin duikertjie met die spits koppie en die lang, slap bene.

***

Ek staan doodstil en kyk.

Ja, dit is hy. Dit is hy. Dit is Rietman. Hy is nie dood nie. Die Here het hom nie laat doodgaan nie. Die Here het hom op Kersfees vir Kleinboet teruggegee. Toe sien Kleinboet hom ook. Hy kyk en hy kyk. Daar kom 'n groot verwondering oor sy gesig.

6.1 Hoekom het Pappa die bokkie Rietman genoem? (1)

6.2 Rietman het die lewe op die dorp vir Kleinboet lekker gemaak.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

6.3 Noem TWEE tipes kos wat Kleinboet die bokkie gevoer het. (2)

6.4 Voltooi die volgende sin deur woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (6.4) en die ontbrekende woorde neer.

| |
|---|
| bang geword vir*(became scared)*; vreemd gevoel in*(felt odd)*; gou aangepas by*(adapted to)* |

Rietman het … sy nuwe omgewing. (1)

6.5 Hoekom, dink jy, het Pappa niks vir Kleinboet gesê toe sy bokkie dood is nie? (1)

6.6 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Die vreemde bokkie was baie moeg en het doodgegaan.
- Die regte bokkie het op Kersdag in die tuin gestaan.
- Die kinders het die vreemde bokkie in Nuwedorp gekry.
- Die regte bokkie het weggeloop. (4)

6.7 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.7) neer.

'Daar kom 'n **groot verwondering** oor sy gesig' (reël 12), beteken dat Kleinboet …

A verbaas was.
B nie meer wou kyk nie.
C skaam was oor sy gedrag.
D die bokkie nie herken het nie. (1)

6.8 Kleinboet se liefde vir diere het hom elke keer anders laat optree.

Kies die inligting uit KOLOM B wat by Kleinboet se optrede in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A–E) langs die vraagnommers (6.8.1 tot 6.8.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 6.8.1 | Kleinboet was ongelukkig om in die dorp te woon. | A | Hy het op sy knieë langs die kissie neergeval. |
| 6.8.2 | Kleinboet was bly omdat hy 'n bokkie gekry het. | B | Hy het gehuil omdat hy nie diere kon aanhou nie. |
| 6.8.3 | Kleinboet was ontsteld omdat sy bok weg was. | C | Hy was net so tuis in die tuin as in die veld op Heuningrug. |
| 6.8.4 | Kleinboet was hartseer omdat sy bok dood is. | D | Hy het nie sy kussingsloop opgehang nie, maar net in sy bed geklim en geslaap. |
| | | E | Hy het met hangoë uit die tuin gekom en die vreugde het uit die vóór-Kersdae verdwyn. |

(4 x 1) (4)

6.9 Waarom kan ons sê dat Amanda (die verteller) 'n goeie sussie vir Kleinboet was? (1)

6.10 Waarom het die bokkie, volgens Kleinboet, teruggekom? (1)

6.11 Waarom kan ons sê dat Rietman se terugkeer 'n spesiale geskenk vir Kleinboet was? (1)

6.12 Hoekom pas die titel so goed by die verhaal? (1)

6.13 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.13) neer.

Wat is die boodskap van die verhaal?

A Kersfees bring nuwe hoop en vreugde.
B Bokkies kan gemaklik in die dorp oorleef.
C Sekere tipes bokkies kan baie goed wegkruip.
D Kersfees gaan oor die gee en kry van geskenke. (1)

**EN**

**VERHAAL B: ' 'N TUISNYWERHEID LANGS DIE PAD' – Riana Scheepers**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS I**

Die kind loop en wonder of sy ma se sisi vandag by die indali sal wees.

***

As sy vandag daar is, kan hy sy vis sommer by haar goed neersit. Anders sal hy maar op sy eie sit.

Hy kyk of hy haar kan sien. Sy sit gewoonlik die naaste aan die boom, omdat sy nie haar eie afdak het nie.

Dit lyk nie of sy daar is nie.

Hy loop nader, gaan staan op haar plek naby die boom, die sak met die vis nog steeds op sy skouer.

***

Hy sit nou oop en bloot in die son, en hy kan voel hoe die sweet op sy kopvel begin kriewel. Die ander vroue het hom nou ook raakgesien. Hulle kom kyk almal na sy vis en klik met hulle tonge.

***

Die son het al verby sy hoogtepunt geskuif. Nie een van die mense wat voor die kind kom staan het, en in stomme verbasing na sy vis gekyk het, wou sy vis koop nie.

6.14 Waarom het die kind dié dag sy ma se sisi by die indali gesoek? (1)

6.15 Waar het die kind die vis gekry? (1)

6.16 Gee TWEE redes waarom die vis in die sak nie meer vars kon wees nie. (2)

6.17 Voltooi die volgende sin deur 'n woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (6.17) en die ontbrekende woord neer.

| hartseer; | onseker; | moeg |
|---|---|---|

Die kind het ... gevoel omdat hy alleen moes sit om die vis te verkoop. (1)

6.18 Die vrou het gevoel dat die kind te min geld vir die vis vra.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

6.19 Die karakters in die verhaal het verskillend op die vis wat te koop was, gereageer.

Kies die reaksie uit KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A–E) langs die vraagnommers (6.19.1 tot 6.19.4) neer.

| **KOLOM A** | | **KOLOM B** | |
|---|---|---|---|
| 6.19.1 | Die kind | A | … was nuuskierig oor die vis. |
| 6.19.2 | Die kind se ma | B | … was kwaad omdat die vis alles laat stink het. |
| 6.19.3 | Die vet vrou wat op die drommetjie gesit het | C | … was ongeduldig omdat die seuns na die vis gekyk het. |
| 6.19.4 | Die ander vroue by die indali | D | … was bekommerd dat niemand die vis sou koop nie. |
| | | E | … was vies omdat die vis sleg gesmaak het. |

(4 x 1) (4)

6.20 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.20) neer.

' … in **stomme verbasing** …' (reël 13) wys dat hulle nie kon glo dat …

A die kind alleen daar gesit het nie.
B die kind self die vis gevang het nie.
C die kind se ma nie die vis wou gaarmaak nie.
D daar so 'n lelike vis tussen al die ander mooi goed was nie. (1)

6.21 Hoekom kan ons sê dat dit nie vir die kind 'n lekker dag by die indali was nie? (1)

6.22 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Die kind het die vis weer teruggeneem huis toe.
- Drikus en Adriaantjie het die kind oor die vis uitgevra.
- Die kind het die vis vir sy ma gegee om gaar te maak.
- Die kind het die koelte verlaat en nader aan die ander stalletjies gaan sit. (4)

